



In hierdie uitgawe

- BI 1 Gesamentlike verklaring van die drie susterkerke
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:** In die wêreld maar nie van die wêreld
Predikantepensioen- en Weduwee- en Wesefonds
- BI 3 **Rade en Komitees 2009**
Werkswinkels met 'n verskil (Kobus Viljoen)
- BI 4 **Op die kerkwerf**
Aan die universiteit
Kuratorium 100 jaar
Toelating tot die evangeliebediening
Hervormde Teologiese Studies (HTS) aanlyn
- BI 5 **Op die kerkwerf**
Kerk en wêreld
In gesprek met WARC (Dr Daan van Wyk jr)
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**
Beroepe aanvaar
Oud en jonk vier saam fees
Fotografiekompetisie
- BI 7 **Gespreksforum**
Verklaring deur Hervormde teoloë
Erediens – hervorming of vernuwing? (Prof Bieks Beukes)
- Agterblad **Oordenking**
Die Seun van God het opgestaan! (Ds Hendrik Odendaal)

In die wêreld maar nie van die wêreld

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig soos volg:

Teen die tyd dat u hierdie uitgawe van *Die Hervormer* in die hand neem, is die algemene verkiesing voor die deur of dalk al verby. Nietemin bring dit 'n mens voor die vraag wat die gelowige se benadering ten opsigte van die politiek moet wees.

Die Bybel is vol voorbeelde van gelowiges wat selfs in ongelowiges se regerings gedien het en 'n positiewe rol gespeel het. Dink maar aan Josef aan die hof van die farao, Daniël en sy vriende, en ook Ester. Jesus het ons geleer om aan die keiser te gee wat hom toekom, en om die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te wees. En Paulus skryf aan die eerste Christene dat hulle hulle aan die owerheid moet onderwerp en vir hulle moet bid.

Ons hoef ons dus nie aan die wêreld te onttrek en eenkant te sit en toekyk nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om juis as kinders van die Here in hierdie wêreld 'n positiewe invloed te hê en 'n verskil te maak. Laat ons dus so aan die verkiesing deelneem dat ons hierdie verantwoordelikheid nakom. En laat ons veral ná die verkiesing vir die regeerders bid. Mag God hulle as instrumente in sy hand gebruik.

Hierdie uitgawe van *Die Hervormer* wil juis iets daarvan weerspieël dat ons kerk is te midde van die wêreld. Terwyl daar woelinge rondom ons is, gaan God voort met sy kerk se werk.

Dr Daan van Wyk (jr) berig onder meer soos volg oor die gesprek met WARC:

Miskien moet ons wedersyds erken dat WARC nie gereed is vir die NHKA nie en terselfdertyd dat die NHKA nie gereed is vir WARC nie.

Dit was die uitkoms van 'n tweede rondte samesprekings op 6 Maart 2009 tussen die uitvoerende komitee van die World Alliance of Reformed Churches, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) en die Raad vir Ekumene.

Die samesprekings het plaasgevind in opdrag van die 68ste AKV en ter uitvoering van die Hervormde Kerk se aansoek om lidmaatskap van WARC. Die Hervormde Kerk het in 1982 uit WARC bedank nadat ons lidmaatskap gesuspendeer is na aanleiding van ons standpunt oor Apartheid. WARC het destyds van die Kerk vereis dat die Kerk Apartheid as sonde moet veroordeel en die teologiese regverdiging daarvan as dwaalleer. WARC het dieselfde vereistes weer aan die Kerk gestel by die 68ste AKV. By daardie geleentheid het die Kerk 'n voorstel dat die Kerk aan dié vereistes voldoen, verwerp, maar besluit dat die Kerk in elke geval met die gesprek met WARC moet voortgaan.

Samevattend kan gesê word dat die gesprek in 'n besonder goeie gees van wedersydse respek en 'n openheid om na mekaar te luister, plaasgevind het. Die afgevaardigdes van WARC het groot waardering gehad vir die feit dat daar van die kant van die Hervormde Kerk soveel openhartigheid was oor verskillende standpunte, en daar is ook begrip vir die diepe verdeeldheid wat oor die saak bestaan. Prof Theuns Dreyer het ten slotte gesê dit sou maklik wees om die verskille tussen ons te probeer verdoesel en aan WARC voor te gee dat daar net een standpunt is en dat ons so aanvaar sou kon word. Dit sou egter oneerlik teenoor sowel WARC as die Hervormde Kerk wees. Hy het daarop gewys dat ons poog om die diversiteit in die Kerk te akkommodeer, dat ons nie kan toelaat dat die Kerk oor sake van dié aard kan skeur nie, en dat hy wel gehoop het ons sou in die gesprek meer gemeenskaplike gronde kon vind om die pad verder saam te loop. Daaroor sal die komende AKV egter alleen kan besluit. Die Kommissie van die AKV sal die saak by sy vergadering in Junie verder bespreek.